

# Onthoupaadjie ...

## My peetmoeders

Hettie Muller



Ann en Louisa in Ann se tuin in Glasgow

Louisa Maria Cloete  
(29.9.1916 – 14.12.2003)

en

Anna Catharina Cloete  
(7.7.1922 – 25.9.2007)

Met Moedersdag in Mei het ek baie aan my twee peetmoeders gedink. Hulle is my moeder se twee jonger susters wat getuies by my doop in die NG Kerk op Jacobsdal op 7 Maart 1943 was. My moeder het nie van peetmoeders gepraat nie; nee, hulle is getuies oor jou. Sy was Hester Cloete (7.12.1908 – 9.11.1962) en my vader was Daniël Barend Rudolf Wandrag (5.1.1900 – 6.4.1944). Nadat hy oorlede is, het sy met Rudolph Johannes Louw getrou. My suster, Little Louise, soos die tantes haar genoem het, is uit hierdie huwelik gebore.

My twee tantes, albei opgeleide verpleegkundi-

ges, was Louisa Maria Cloete wat tydens my doopgeleentheid met Ernst Edwin Howell (14.11.1896 – 30.11.1951) getroud was en Anna Catharina Cloete wat toe nog ongetroud was. Ek het hulle as Aunty Wiesa, Uncle Ernie en Aunty Fanny wat in Germiston gewerk het, geken. Ons het Wiesa (Louise vir haar Engelse skoonfamilie en vriende) en Ernie van tyd tot tyd in Bloemfontein gesien as ons daarheen gegaan het (My groot, pienk celluloid babapop wat ek van hulle gekry het, het Ernie geheet.)

Ek onthou die gereelde korrespondensie tussen my ma en haar susters: die blou brieve met die pragtige handskrif geadresseer aan Mev. H. Louw, Posbus 21, Petrusburg, met die aanhef *Lieve Hetta en in die slotsin altyd ... gee vir Hettie en klein Louisa elk 'n soen.* Die band tussen die drie susters het baie heg gebly tot aan die einde van hul lewens.

Ek het dit interessant gevind dat hulle al drie dieselfde liggaamsbou en ook dieselfde skoengrootte gehad het. Daar het dikwels groot kartondose met klere en skoene vir my moeder op die spoorwegstasie in Petrusburg aangekom. Ek hoor nog my ma se woorde: *Hierdie skoene het sy seker net in die hotelkamer aangehad en toe besluit sy hou nie daarvan nie, terwyl my ma drie pare nuwe skoene uit die verpakking haal.* Die besending was vanaf Wiesa wat oral saam met haar man gereis het waar hy ookal gewerk het. Ernie was 'n tegniese inspekteur in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en hy moes uit



Ann as 'n verpleegundige



die aard van sy werk die land deurkruis.

Ek onthou die groot sak spierwit skulpe wat van Oos-London af gekom het: Vir my en my sus was dit soms ons hoenders en soms ons skape ... Ek onthou die dik, donkergroen plakboek met al sy koerantknipsels in Wiesa se slaapkamer wat sy oor sy sokkerloopbaan bygehou het. Ongeïlkig weet ek nie wat daarvan geword het nie.

Nadat Ernie oorlede is, het Wiesa nooit weer getrou nie. Hulle het nie kinders gehad nie. Hy het wel 'n dogter, Ethel Maud (1928 – 1974), uit 'n vorige huwelik gehad. Wiesa het aanvanklik in Stellenbosch gewoon maar in 1962 na Germiston verhuis. Sy het lig gereis: net met 'n tas klere en haar boeke aangekom en toe huis opgesit

in 'n woonstel. Wanneer ek by haar gekuier het, is daar dikwels inkopies gedoen ... ons moet die presiese kleur jersey kry, Hettie, hoor ek haar sê en ... moenie alles koop wat jou oë sien nie ... dit kon net so wel my moeder se stem gewees het.

Toek na matriek na die Universiteit van Pretoria sou gaan, het my moeder vir hulle geskryf: ... en kyk tog asseblief na Hettie, min wetend hoe belangrik dit sou word want my moeder is aan die einde van my eerste studiejaar oorlede. Tot my groot vreugde het hulle hierdie versoek tot die letter toe uitgevoer: as dit nie velprodukte was wat hulle voorsien het nie, was dit my tandartsrekening wat betaal is. Eintlik het ek toe twee moeders gehad wat my op die hande gedra het. (My skoonmoeder sou nog 'n moeder vir my word!)

Anna Catharina (Fanny) Cloete het met Reginald George (Jock) Scotland getrou en haar skoonfamilie het haar Ann genoem. So word sy toe Aunty Ann vir ons. Sy en Jock het geen kinders gehad nie maar hul huis het 'n hawe vir 'n hele paar nefies en niggies wat elkeen op 'n tydstip by hulle ingewoon het, geword. Gerrit, toe die geliefde en nou my man, is ook onmidellik as hul eie nefie aangeneem. Ons het wonderlike herinneringe van al die vrolike dae wat ons saam met hulle deurgebring het.

Drie jaar nadat Jock oorlede is, het Ann wat toe 53 jaar oud was, ons van Tzaneen af laat kom om ons in te lig dat sy besluit het dat sy nie alleen wil oud word nie. Sy sou by Primrose Rolbalklub aansluit om weer in sirkulasie te kom – ons is nie atleties nie! Hierdie klub was in 1976 die gasheerklub vir die Skotse rolbalspan wat aan die wêreldkampioenskap in Johannesburg deelgeneem het. David Atkinson Thompson Gardner (17.4.1913 – 13.4.2006) was bestuurder van die Skotse

span en 'n wewenaar.

'n Rooiwarm romanse het gedurende die kampioenskap tussen Ann en David ontstaan en toe ons ons oë uitvee, staan die tweetjies op trou. Hulle sou in Glasgow gaan woon want David het daar gewoon en gewerk. Gerrit skryf voor hulle troue aan David 'n brief waarin hy presies verduidelik hoe kosbaar hierdie tante vir ons is! Tot aan die einde van sy lewe het David in goeie gees na hierdie brief verwys. Met ons eerste bezoek aan hulle in Skotland het David teenoor sy vriende na ons besoek as die invasion by the Afri-



Ernie en Louise Howell

kanders verwys!

Die hoogtepunt van Ann en David se kuiers by ons in Tzaneen was besoeke aan die Krugerwildtuin. Ons het ook deur die jare David se seun, ook David, en sy familie leer ken en hulle besoeke aan Suid-Afrika terdeë geniet.

Ann en David het 'n baie gelukkige huwelik asook 'n vol lewe gehad. Vir die eerste sewe jaar

van hul huwelik in Skotland was David president van die Skotse binnenshuise rolbalunie. Dit het hulle dikwels binne die Verenigde Koninkryk na al die hoofstede geneem. Hulle het vanaf 1984 in Germiston kom woon want die Skotse winters was vir Ann te verskriklik koud. Hulle het lede van die Primrose Rolbalklub gebly totdat hulle in Pretoria in 'n aftree-oord gewoon het omdat hulle fisies baie verswak het.

Die invloed wat my twee peetmoeders, met hulle eggenotes, op my lewe gehad het, was verreikend. Ek was 'n Afrikaanse skooldogter uit die Vrystaatse platteland wat nie eintlik Engels kon praat nie; hulle het in 'n groot mate tot my ontwikkeling as 'n gebalanseerde, volwasse persoon bygedra. My waardering en dank teenoor hulle is grensloos.



Ann, Hettie en Louise

Hiernaas bied ek die matriargale en patriargale geslagslyne vir die drie Cloete-susters aan. Hulle het ook nog twee broers gehad asook 'n sustertjie wat jong oorlede is. Ek het nie datums by die voorouers verskaf nie maar dit is beskikbaar vir enigmeland wat moontlik sou belangstel.



### Matriargale geslagslyn van die drie Cloetesusters

- 1) Maria KICKERS x Friederich BOTH  
(later BOTHA)<sup>23</sup>
- 2) Catharina BOTHA x Hendrik Frederick KLOPPER<sup>45</sup>
- 3) Maria Catharina KLOPPER x Coert GROBBELAAR
- 4) Geertruida Catharina GROBBELAAR x Hendrik Stephanus PRETORIUS
- 5) Louisa Maria PRETORIUS x Willem Jacobus PRETORIUS
- 6) Engela Elizabeth PRETORIUS x Hercules Frederik VENTER
- 7) Hester Herculisina VENTER x David Schalk JANSE VAN VUREN
- 8) Hester Cina (Herculisina) JANSE VAN VUREN x Nicolaas Frederik DU PLESSIS
- 9) Hester DU PLESSIS x Hermanus Christoffel CLOETE
  - 9.1) Hester CLOETE x Daniël Barend Rudolf WANDRAG xx Rudolph Johannes LOUW
  - 9.2) Louisa Maria CLOETE x Ernst Edwin HOWELL
  - 9.3) Anna Catharina CLOETE x Reginald George SCOTLAND xx David Atkinson Thompson GARDNER



### Patriargale geslagslyn vir die drie Cloetesusters

- 1) Jacob CLOETE x Sophia RADERGEORTGENS (RADEROOTJES)<sup>6</sup>
- 2) Gerrit CLOETE x Catharina HARMANS
- 3) Jacob CLOETE x Francina VILJOEN
- 4) Gerrit CLOETE x Huibrech Slabbert
- 5) Jacob CLOETE x Johanna Catharina KRUGER
- 6) Gerrit CLOETE x Johanna Francina ESTERHUIZEN
- 7) Hermanus Christoffel CLOETE x Huibrechje Catharina CLOETE
- 8) Hermanus Christoffel CLOETE x Johanna Catharina VILJOEN
- 9) Hermanus Christoffel CLOETE x Anna Catharina SLABBERT
- 10) Hermanus Christoffel CLOETE x Hester DU PLESSIS
- 11) Hester DU PLESSIS x Hermanus Christoffel CLOETE
  - 11.1) Hester CLOETE x Daniël Barend Rudolf WANDRAG xx Rudolph Johannes LOUW
  - 11.2) Louisa Maria CLOETE x Ernst Edwin HOWELL
  - 11.3) Anna Catharina CLOETE x Reginald George SCOTLAND xx David Atkinson Thompson GARDNER

Bronne:

1. 23 St. Patrick Road, Hurleyvale, Edenvale.
2. Hulle is die stamouers van die Bothafamilie in Suid-Afrika.
3. Volgens JLM Franken se *Hugenote aan die Kaap*, p. 53, is Friedrich Both(a) op 4 Maart 1653 in Wangenheim in die Provincie Thuringia in Duitsland gebore. Hy sluit by die VOC as soldaat aan en arriveer in 1678 aan die Kaap. Vyf jaar na sy aankoms verkry hy burgerregte en werk as 'n landbouer by verskillende boere. Hy het 'n verhouding met Maria Kickers, die vrou van Jan Cornelisz, gehad. Ses kinders word uit dié verhouding gebore. In 1706 word Friedrich en Maria na Mauritius verban waar hulle separaterlik (afsonderlik) moet bly. Met die sluiting van die buitepos in Mauritius in 1707 keer hulle terug na die Kaap en na die dood van Jan Cornelisz trou hulle op 21 Julie 1714 op Stellenbosch.
4. Hulle is die stamouers van die Klopper(s)-familie in Suid-Afrika.
5. Hendrik was 'n smid van beroep en het in ongeveer 1713 in die Kaap aangekom vanaf Hoorn, Nederland. Catharina was sy tweede vrou. Hulle is op 31.8.1717 getroud. Hy het 'n plaas aan die weste hang van die Helderberg gekry.
6. Hulle is die stamouers van die Cloete-familie in Suid-Afrika.



# Boksburg 1981

## Henry en Maryna Northall



In die lente van 1981, Donderdag 10 September, sneeu dit in Boksburg waar ons gewoon het.

Dit was 'n bewolkteoggend. Eers val ysreën en toe begin sneeuvalkies rondwaai. Na 'n paar uur hou dit op en alles het in 'n spierwit sprokieswêreld verander.

Die kinders baljaar in die sneeu, bou 'n sneeuman en geniet hul gate uit.

Henry pendel tussen Boksburg en Pretoria per trein waar hy werk. Die trein was 'n paar uur vertraag en hy vind later die aand by sy terugkoms by die stasie sy motor toe onder die sneeu. Eindelik heelwat later op pad huis toe, was paaie versper as gevolg van bome wat omgeval het en hy moes ompaaie ry.

Die koue het nog 'n paar dae geduur, die sneeuman het bly staan en toe breek die lente aan.